

19de ALGEMENE JAARVERGADERING VOORSITTERSVERSLAG



Dames en Here,

Dit is my voorreg om julle by die 19^{de} Algemene Jaarvergadering van die CRF vir Plaaslike Regering te verwelkom. Voordat ek oor die oorsigjaar verslag doen, wil ek eers opwindende nuus met julle deel. Die CRF stel in Maart nuwe voordele bekend. Ons stel ook later vanjaar 'n Shari'ah-beleggingsportefeulje bekend. Die inligting sal met lede gedeel word as deel van die standaard kommunikasieprogram wat ons vir lede in plek het. Lees asseblief die Fondskommunikasie, want deur nuusbriewe, ledesessies en die Fonds se webtuiste hou ons julle op hoogte van sake.

FINANSIËLE NUUS

As jy van tuimeltreinritte hou, sou die afgelope finansiële jaar vir jou 'n avontuur gewees het. Vir die res van ons – en ek glo ek praat namens beleggers wêreldwyd – was die afgelope finansiële jaar, om die minste te sê, onstuimig.

Ons het lede gewaarsku dat dit onwaarskynlik is dat veral die meer riskante portefeuljes sou voortgaan om in 2015 op dieselfde hoër vlak te presteer.

Die Fonds se totale bates en reserwes vir die finansiële oorsigjaar het tot meer as R18 miljard geroei. Die netto opbrengs op jou belegging in die **Groeiportefeulje** is 5,23%, in die **Beskermingsportefeulje** 7,09% en in die **Gematigde Portefeulje** 7,95%.

Ons glo dat slegs lede naby aftrede die **Beskermingsportefeulje** en/of die **Gematigde Portefeulje** moet kies. Die **Pensioenarisportefeulje** het 'n opbrengs van 7,2% gelewer.

Die nuwe CRF-bestuurspan het 'n besparingsbenadering aangeneem wat in volgende jaar se begroting sal reflekteer. Die eerste area waar ons kostebesparingsbeleid geïmplementeer is, is die jaarlikse Trusteevergaderings, wat verminder is. Julle Trustees word vergoed om na julle Fonds om te sien, en om meer as agtien duisend miljoen rand

(R18 miljard) van lede te behartig, is 'n belangrike taak. Die Raad besef egter dat kostebesparing 'n geïntegreerde deel van strategiese besluitneming is, daarom was die eerste stap om twee vergaderings op 'n enkele dag te hou, eerder as oor 2 dae, wat beduidende kostebesparings meegebring het. In batebestuur is belangrike kostebesparingsinisiatiewe geïmplementeer en deur SA- en Afrika aandele en ook wêreldwye aandele te herstrukturer, het die Trustees 'n kostebesparing in batebestuursfooie van R15 miljoen per jaar bereik.

Die Fondsaktuaris rapporteer dat die Groeiportefeulje se jaarlikse gemiddelde netto opbrengs sedert die Fonds se ontstaan vir die 19 jaar tot 30 Junie 2015 15,3% was. Dit is 'n reële opbrengs (bo inflasie-opbrengs) van 9,0% vir 19 jaar en bly die rekord getal wat enige Plaaslike Regeringsfonds moet probeer klop. Dis 'n duidelike aanduiding dat jou Fonds se weldeurdagte langtermynbesluite en omsigtigheid vrugte afwerp.

Jou Fonds belê op so 'n wyse dat lede nie aan die ekstreme afwaartse bewegings in die mark blootgestel word nie. Onthou asseblief dat die Fonds nooit sal belê met die uitsluitlike doel om die hoogste opbrengste te verkry nie, want dit sal 'n baie gevaarlike risikoprofiel skep vir 'n vastebydraefonds waar, anders as by 'n vastevoordele of tradisionele pensioenfonds, die **lid**, en nie die **werkgewer** nie, die risiko dra.

LIDMAATSKAP VAN DIE FONDS

Die getal bydraende en uitgestelde lede het van 37 099 soos op 30 Junie 2014 tot 39 232 op 30 Junie 2015 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n verhoging van 2 133 op die vorige jaar, wat ongeveer 6% groei in aktiewe ledetal is. Die werklike getal nuwe lede wat gekies het om by die Fonds aan te sluit, was 4 334. Hierdie getal moet egter verminder word met aftredes (679), bedankings (1 328), afleggings (1) en sterftes (157). Vergeleke met die vorige jaar het aftredes en bedankings gedurende die jaar verhoog. Ons is baie trots om te rapporteer dat ons ledetal verlede jaar in Desember die 40 000-merk bereik het. Hartlik welkom aan Brendan Denver de Bruyn van die Eden Distriksmunisipaliteit, wat ons 40 000^{ste} lid is om by die Fonds aan te sluit.

Die voortgesette groei in lidmaatskap verseker die behoud van ons redelike jong profiel, wat risiko-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele teen hoogs mededingende

tariewe verseker. Ons nooi lede wat die Fonds verlaat om hulle lidmaatskap van die Fonds te behou, sodat hulle steeds teen 'n baie lae koste voldoende fondse vir hulle affrede kan akkumuleer.

PENSIOENARISLEDE

Die getal pensioenarisse verminder steeds, omdat daar vir 'n geruime tyd min nuwe pensioenarisse bygekome het. Pensioenarislidmaatskap het in 2009 op 866 lede gestaan, 840 in 2010, 784 in 2011, 780 in 2012, 742 in 2013, 725 in 2014 en 683 aan die einde van die afgelope finansiële jaar, wat op 30 Junie 2015 geëindig het.

Verlede jaar is daar tydens 'n Raadsvergadering besluit om vanaf 1 Januarie 2016 die opsie te sluit waarvolgens jy 'n maandelikse pensioen binne die Fonds kon koop. Pensioenarisse het nou die opsie om 'n pensioen buite die Fonds te koop, maar moet 'n finansiële adviseur raadpleeg om hulle met hulle finansiële beplanning te help. Efficient Wealth is die Fonds se voorkeur finansiële adviseur.

Huidige Fondspensioenarisse word nie geraak nie. Ons ondersoek ook ander opwindende en buigsame aftree-oplossings vir lede vir die toekoms en sal julle ingelig hou.

'n Ad-hoc bonus gelykstaande aan 100% van hulle maandelikse pensioenbetaling is in Desember 2015 aan pensioenarisse betaal, en hulle sal in Maart 'n 5%-verhoging ontvang.

ADMINISTRASIE

Die administrasie van ons Fonds word hanteer deur Verso Finansiële Dienste, waar 'n span toegewyde personeellede ons lede se sake seepglad bestuur. Die administrasiekoste van die Fonds verhoog jaarliks, aangesien dit op grond van die getal lede bereken word.

Ons het ook ons kostebesparingstrategie op die Fonds se bedryfsbegroting toegepas en weer tenders gevra vir al die sleuteldienste wat aan die Fonds gelewer word ten einde teen vroeg 2016 ons nuwe vaartbelynde diensverskaffers aan boord te hê. Die Fonds se totale bedryfskoste (insluitende administrasiegelde, trusteevergoeding, ouditgelde, die aktuaris, batekonsultant, ekonoom en hoofbeampte), uitgedruk as 'n persentasie van pensioendraende salarisse, is 0,89%, vergeleke met die bedryfsnorm

van meer as 1%. Die Raad van Trustees roem hulleself daarop dat hulle oor die jare daarin geslaag het om die koste laer as die bedryfsnorm te hou.

LIDMAATSKAP EN STRATEGIESE RIGTING

As deel van ons strategiese doelwit, om die basis van ons lidmaatskap in die Plaaslike Regering te verbreed, het ons die Fonds se naam verander om dit met ons nasionale voetspoor te laat ooreenstem. Ons het nou in agt van die nege provinsies deelname. Die Fonds se naam het vanaf 1 Julie 2015 van die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering na die Consolidated Retirement Fund for Local Government verander en staan nou bloot as die CRF bekend.

Reëlwyssing 8 is geregistreer om nuwe lede wat van die Noordelike Streek by die CRF aangesluit het, te akkommodeer sodat hulle aan die AJV kan deelneem. Die Noordelike Streek sluit die areas in die Noord-Kaap, Noordwes en Limpopo in. Welkom aan ons nuwe lede wat vandag bywoon.

RAADSLEDE

Ons het ook na die Mei 2011-verkiesings ons lidmaatskap aan Raadslede oopgestel en ons berei nou voor vir die 2016-raadslidverkiesings, waar ons hoop om landswyd soveel raadslede as moontlik te werf om by die CRF aan te sluit. Ons glo vas dat dit in die belang van die Fonds sowel as die Raadslede is.

Ek wil my dank oordra aan die Menslike Hulpbronnedeptemente, unieleiers, Trustees, ons Hoofbeampte en ons kommunikasie diensverskaffer, SASH, wat voortgaan om met die lede te skakel en seker maak dat hulle van ons Fonds en algemene pensioenaangeleenthede kennis dra. Ons lede is aktief betrokke deur aspekte van die Fonds te bevraagteken en ons in te lig hoe die Fonds beter in hulle behoeftes kan voorsien, en hou ons in die algemeen op ons tone. Ons waardeer dit.

SKOON OUDIT

Ernst & Young is heraangestel as die ouditeurs van ons Fonds en ek is bly om te rapporteer dat ons weereens 'n skoon oudit ontvang het. Ek wil die Raad se waardering oordra aan die Voorsitter, mnr. Lodi Venter, en lede van die Ouditkomitee

vir hulle toewyding om goeie bestuur na te volg in die manier waarop hulle die Fonds se bates administreer.

AFTREEHERVORMING EN ANDER HERSTRUKTURERINGSAAANGELENTHED

Aftreehervorming sover hierdie jaar was die gonswoord vir lede en in Plaaslike Owerhede. Ek wil dit weereens benadruk dat julle nie moet reageer op gerugte dat die Regering op julle swaarverdiende pensioen gaan beslag lê nie, maar skakel eerder die Fonds indien julle enige bekommernisse rakende CRF fondsvoordele het.

Ons het ook 'n brief van die bedingingsraad vir die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering ontvang met voorstelle hoe om die getal fondse in die Plaaslike Regering te verminder. Alhoewel die Fonds die moontlikheid van vryheid van assosiasie ondersteun, is ons nie gemaklik met al die voorstelle wat in die brief uiteengesit is nie. Die Fonds is gevra om teen 30 Januarie 2016 te reageer, en ons het ons mening dienooreenkomstig voorgelê.

Lede sal van enige verdere gebeure in kennis gestel word. Ons werk ook in hierdie saak nou saam met die Organisasie vir Aftreefondse (MRO), die liggaam wat die Plaaslike Owerheidsfondse verteenwoordig.

DANKIE

As gevolg van nuwe wetgewing en die grootte van die Fonds se bates word dit meer veeleisend om as trustee te dien. Ingevolge die Wet op Pensioenfondse en die gemenereg moet Trustees besluite neem wat in die beste belang van die lede is. Die fidusiêre pligte van die Trustees vereis ook dat hulle objektief moet nadink oor alle sake wat voor die Raad gedien word. Hulle moet ook bereid wees om opleiding te ontvang sodat hulle kan weet wat hierdie pligte is en om hulle in staat te stel om daardie rol ten beste te vul.

Alhoewel Trustees goed besoldig word, is die verantwoordelikhede soms oorweldigend en veeleisend, en ons is bevoorreg dat persone bereid is om in hierdie hoedanigheid te dien. Dankie aan al ons Trustees vir hulle bereidwilligheid om die afgelope jaar in die Raad te dien en hulle pligte uit te voer.

Die Fonds se diensverskaffers en adviseurs lewer bevoegde diens. Ek wil Verso bedank vir die toegewyde manier waarop hulle die Fonds administreer. Welgedaan aan SASH,

ons kommunikasiespesialis, wat verseker dat ons lede regoor die land ingelig is, en wat twee internasionale kommunikasietoekennings by die 2015 IRF vir ons Fonds gewen het. Ons kan reken op ons Aktuaris, Sean Neethling van Momentum, om ons die beste advies te gee, en ons ouditeurs, Ernst & Young, lewer objektiewe diens. Ons beleggingsadviseur, Shainal Sukha, en ons ekonoom, Johan Rossouw, het die Fonds gehelp om besluite te neem wat uitstekende beleggingsopbrengste gelewer het. Dankie aan ons nuutaangestelde Hoofbeampte, mnr. Kobus Sadie, vir sy ondersteuning aan die Trustees, en ek wil die Fonds se waardering aan die Raad oordra vir 'n taak wat goed uitgevoer is. Dit is 'n eer om met julle almal saam te werk in ons strewe om die beste diens aan ons lede te lewer.

Ons beplan om hard te werk om te verseker dat julle julle aftreedoelwitte bereik. Ek deel Vidal Sassoon se mening dat die woordeboek die enigste plek is waar sukses voor werk kom.

Dankie vir die geleentheid om as julle Voorsitter te dien.

Soyisile Andreas Mokweni

Voorsitter